e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

8 Mei 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 13

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Moet op prinse nie vertrou nie

Wanneer u hierdie artikel lees, sal die verkiesingsuitslae waarskynlik reeds so bekend wees dat ons sal weet hoe het watter party gevaar.

Voor die verkiesing is die nuus gepubliseer dat baie kiesers nie wil gaan stem nie, volgens die RGN veral omdat mense nie meer vertroue in politici het nie.

Suid-Afrika is, wat dit betref, nie alleen nie. Voor die aanvang van die wêreld se ekonomiese krisis het 'n moraliteitsbeweging in Wes-Europa ontstaan met veral twee teikengroepe in die oog – die politici en die media. Nadat die ekonomiese krisis ingeskop het, het die media se aansien van skurk na held verander omdat hulle byvoorbeeld gehelp het om bankbase se inhaligheid te ontmasker as aandeel in die krisis. Die politici het egter steeds onder verdenking gestaan, soms goed gemotiveer deur verslae van *Transparency International* wat dui op korrupte politici – ook in Wes-Europa, wat breedweg van noord na suid vererger.

Die peilingsagentskap Rasmussen plaas gereeld inligting oor hoe Amerikaanse kiesers oor hul verkose politici voel, en die uitslae is meestal skokkend. Volgens 'n onlangse peiling meen net 19% van die respondente die federale regering hou hulle by die mandaat van die kiesers. In nog 'n peiling meen 72% van die respondente dit sal beter wees as die bestaande verteenwoordigers nie weer verkies word nie, terwyl nog 'n peiling toon dat 78% van die kiesers meen politici is minder eties as mense in ander beroepe. Voorts meen 63% dat Kongreslede te veel betaal word. Net 27% meen die VSA is op pad in die regte koers.

Geen wonder nie dat 'n vroeë peiling getoon het die meeste kiesers meen burgers wie se name lukraak uit die telefoongids geneem word, sal beter as die verkose verteenwoordigers vaar. In Nederland het 'n politieke krisis daartoe gelei dat die meeste kiesers in 'n stadium gevoel het die "posman op die naaste hoek" sal beter vaar.

Twee "gesegdes" word gereeld in die politieke wetenskap gehoor: *Die demokrasie is 'n euwel, maar dis die beste euwel waaroor ons beskik.* Die tweede is: *In 'n demokrasie kry die bevolking die regering wat hulle verdien.* Voor 7 Mei het dit egter gelyk of die verkiesing steeds heelwat kenmerke het van 'n rassesensus, en het dit grootliks in 'n tweepartyresies ontaard. Die derde sterkste party sou na verwagting Julius Malema se EFF wees, wat nie juis 'n positiewe beeld oor die volwassenheid van die demokrasie skets nie.

As Christene glo ons God bly in beheer. Maar Jesus het ook die versoeker bestraf omdat hy Jesus gedaag het om van die tempel se dak te spring. Die stemreg plaas 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van die Christen, en in die uitoefening daarvan moet hy ook God probeer behaag.

En as ons nie kry waarmee ons gelukkig is nie? Die demokrasie bestaan uit veel meer as net stemreg – die vrye pers is belangrik, die onafhanklike regbank onontbeerlik, en sterk burgerlike instellings wat die regering selfs hof toe kan sleep wanneer die regering die grondwet minag, word internasionaal as 'n kenmerk van 'n volwasse demokrasie beskou.

Die "geveg" eindig dus nie by die verkiesing nie. In wat nou volg, moet die Christen steeds waak oor wat hy doen en hoe hy dit doen. Strek dit tot eer van God?

Herman Toerien, Bloemfontein

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas.

Vakante standplase

- **Gemeente Newlands** in Johannesburg beplan om eersdaags te beroep en wag aansoeke in van predikante of proponente wat in **deeltydse hoedanigheid** in die gemeente kan werk. Die gemeente het ongeveer 230 lidmate waarvan 200 belydend is. Die meerderheid lidmate is afgetredenes. Die omvang van die verantwoordelikheid en vergoeding is onderhandelbaar. Die kerkraad behou die reg om enige of geen van die aansoeke te aanvaar. Belangstellende predikante of proponente kan 'n volledige CV e-pos na **klombard@prasa.com**. Indien u navrae het, kontak die skriba, oudl Koos Lombard, by 082 480 1723. **Aansoeke sluit op 15 Mei 2014.**

- **Gemeente Grootvlei** in die ring van Noordelike Pretoria beplan om hul vakante standplaas te vul met 'n **deeltydse bediening**. Grootvlei is 'n mikrogemeente met potensiaal om te groei. Hulle benodig 'n dinamiese, kreatiewe, gesonde en energieke predikant, wat deur middel van deeltydse bediening in die gemeente kan werk. Van die suksesvolle kandidaat sal verwag word om die Woord suiwer te verkondig en al die gewone pastorale werk te verrig, met besondere klem op gemeentelike ontwikkeling, en om saam met die kerkraad te werk om projekte uit te bou en nuwe projekte te inisieer en te implementeer waar nodig.

  Die suksesvolle kandidaat moet oor eie verblyf en eie vervoer beskik. Die gemeente bied 'n onderhandelbare pakket met die duur van ten minste een jaar. Belangstellende predikante of proponente kan **voor of op 19 Mei 2014** 'n volledige CV stuur na **grootvleinhk@gmail.com**. Navrae kan gerig word aan ds Frikkie van Wyk (eerste konsulent van die gemeente) by 083 625 6788 of Nico Kruger (skriba/ouderling) by 084 627 3819. Slegs gekeurde kandidate sal vir 'n onderhoud genooi word. Die gemeente behou die reg om kandidate wat nie aansoek gedoen het nie, ook te oorweeg.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Mev Hennie Viljoen**, weduwee van wyle ds Fanie Viljoen, is op Woensdag 23 April in die ouderdom van 91 jaar na 'n lang siekbed oorlede. Die gedenkdiens het op Maandag 5 Mei vanuit die kerkgebou in Bronkhorstspruit plaasgevind. Ons innige simpatie gaan aan mev Viljoen se familie.

- **Mev Susann van Zyl van SENTIK se suster** is Vrydag 2 Mei oorlede. Sy was 75 jaar oud. Ons innige simpatie gaan aan Susann en hul familie.

- **Ds Mariaan Schutte** en haar man, Stefan, het op 21 Maart 'n babaseun ryker geword. Die gesin woon tans in Nieu-Seeland. Baie geluk!

- **Ds JH (Heinrich) Botha** van Evander het bedank nadat sy vrou, Linda, 'n aanstelling by die Universiteit van Alberta in Edmonton, Kanada, as 'n na-doktorale navorsingswetenskaplike aangebied is. Sy uitdienstrededatum is 31 Mei 2014. Oudl Fred Paynter sal die akte van ontheffing op 18 Mei aan ds Botha oorhandig.



Ds Heinrich en Linda Botha

- Emerituspredikant **ds LMP (Lou) Swanepoel** het sy lidmaatskap van die NHKA opgesê. Gevolglik kan ds Swanepoel kragtens Ordinansies 2.1.1.2 en 2.1.1.3 nie langer predikant van die NHKA wees nie en geniet hy nie meer ampsvoorreg in die Kerk nie.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Herhaal belangrike inligting wanneer jy met hardhorende ouer persone praat. Dikwels skud hulle die kop asof hulle gehoor het, terwyl dit nie noodwendig so is nie. Vra die persoon dus of jy die inligting kan herhaal, veral as dit belangrike inligting of aanwysings is wat jy meedeel. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- **Gemeente Brackenhurst in Alberton**, bekend as die Seester-gemeente, benodig 'n permanente klawerbordspeler vanaf einde Mei. Rig navrae aan Mariska Cilliers by 082 929 8882.

- Die ***Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling*** (standaard hardebanduitgawe) kan bestel word van SENTIK se boekwinkel teen R49 (posgeld uitgesluit). Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291; faks 086 633 4054; e-pos **sentik@nhk.co.za**.

- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Prof Natie van Wyk skryf soos volg oor die **vierde Sondag van die Opstanding, *Jubilate* (11 Mei):** "Die goedheid van die opgestane Heer tree ook op Sondag *Jubilate* aan die orde. Op hierdie Sondag jubel die gemeente oor die Heer wat Homself bekendstel as die goeie herder (Joh 10: 1-21). Op hierdie Sondag moet daar eerder uit Psalm 80 as Psalm 23 gelees en gesing word, aangesien dít nader aan die inhoud van Johannes 10 kom. Gesang 263 pas ook by die tema van die goeie herder. Verse 17 en 18 van Johannes 10 moet die fokus van die prediking vorm om die band met Paasnaweek te behou. Die goeie herder is die gekruisigde en opgewekte Heer wat nóú in die kerk teenwoordig is – en hieroor kan die gemeente juig."

- **47STE NASIONALE NHSV KONGRES.** Die oproep en geloofsbriewe vir die Nasionale NHSV Kongres wat plaasvind van **17 tot 19 Julie** is versend. Die sluitingsdatum vir **geloofsbriewe** is **12 Mei 2014**. Navrae kan aan die NHSV kantoor gerig word by 012 325 0117.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Sondag 11 Mei om 08:30: Gemeente Nelspruit**
  Dankdiens vir 70 jaar, gelei deur ds Gert Macdonald
  Met uitstalling van publikasies, foto's en dokumente uit gemeente se geskiedenis
  Kontak die skriba, oudl Awie Willemse, by 082 377 0343

- **16-18 Mei: Geloof in Aksie Motorfietsbediening (Gemeente Randburg)**
  30 lede besoek Oos-Transvaal
  Sondag 18 Mei Gemeente Nelspruit – erediens deur ds CJ van Wyk

'n Gedig vir die gesaaides

my oog is 'n spieël
tussen diere wat vrek
en ek flits
vir die Heer
oor die reën
maar ek hoor
in die lug
met die kraanvoël
se roep
en die hees geskree
van die hadida:
jy ken my net
as jy gunste vra

Dolf van Niekerk (Uit: *Karoosange* 1975)

*** 11 Mei 2014 is Biddag vir die Gesaaides en Dankdag vir die Oes

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 16 Mei, en word hartlik geluk gewens.**
  - Vrydag 9 Mei: Ds (L) Leon Geel (Grimbeekpark)
  - Saterdag 10 Mei: Di FH (Frans) Ras (Windhoek), SJ (Fanie) Swanepoel (emeritus) en GJW (Gert) van der Merwe (emeritus)
  - Sondag 11 Mei: Ds G (Guillaume) Rocher (Nigel) en dr JC (Christo) van der Merwe (HTK)
  - Maandag 12 Mei: Ds JH (Buks) van Heerden (emeritus)
  - Dinsdag 13 Mei: Prof E (Ernest) van Eck (UP), drr GC (Gerhard) Lindeque (Midstream), JJ (Koos) Prinsloo (emeritus), di HJMW (Hennie) Pretorius (Bothaville) en OJ (Ockie) van Schalkwyk (studerend)
  - Woensdag 14 Mei: Di WJJ (Willem) Kok (Potchefstroom) en PJ (Pieter) Uys (Brakpan)
  - Vrydag 16 Mei: Di AC (André) Swanepoel (Vanderbijlpark-Suid) en EM (Liza) Steenekamp (Witbank-Suid)

Beplande vergaderings

o Vrydag 9 Mei:	Direksie van die Kinderhuise
o Saterdag 10 Mei:	Kommissie van die ADV
o Maandag 12 Mei:	Aksiegroep vir Bejaardes
o Dinsdag 13 Mei:	Kuratorium
o Woensdag 14 Mei:	Ondersteuningsraad (OSR) / Kommissie van die ADV
o Donderdag 15 Mei:	Redaksie van *Die Hervormer*
o Vrydag 16 Mei:	Moderamen
	OSR Finkom

Allegaartjie

Hy wat die dogter se hand wil win,
moet eerste met die ma begin.
(Engelse spreekwoord)

*** Gelukkige Moedersdag op 11 Mei aan al ons moeders!

Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**
  Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis-Monumenttehuise
  012 325 1857 x202 / **www.otmt.org**

- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
  Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
  Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Konserte en feeste

- **Vrydag 9 Mei om 19:00: Gemeente Verwoerdburg: Jukebox Roadshow**
  Met Pieter Koen, Adam, Mwah en Ricus Nel
  In die Aula (UP), kaartjies by iTicket (086 1000 291 of Pick n Pay)
  Pryse tussen R150 en R200, ten bate van barmhartigheid
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor 012 664 2044 (08:30-13:00)

Kampe en toere

- **Vrouekamp 2014: 16-18 Mei**
  Vir dames van alle gemeentes
  By Paradeisos-kampterrein, naby Kameeldrift, ongeveer 30 km buite Pretoria
  Tema: *Wat is nuus?*
  Temavers: Jesaja 25: 7a (NLV):
  Hoe mooi klink die voetstappe op die berge van hulle wat goeie nuus bring...
  Sprekers: Di Janine Bevolo-Manders en Antionette Janse van Rensburg
  Kampgelde R550 per persoon
  Navrae aan Jana Peenze by 083 734 5426 / **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 / **stef1@absamail.co.za**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**
  15 dae op die voetspore van die eerste Christene
  Toerleier: Ds Dries Beukes
  012 654 3198 / 083 447 7943
  Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)
  012 361 0579 / 082 560 4279 / **louise.geyser@absamail.co.za**
  Gaan na **www.konteks.co.za** → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer
  vir volledige inligting en besprekingsvorm

- **Kom toer saam deur Israel: 23 November tot 1 Desember**
  Toerleier: Ds Fanie Beukes (NHKA Wesmoot)
  Navrae aan ds Fanie by 073 167 1183 / **faniebeukes@yahoo.com**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei, trekking 1 Junie
  Kaartjies: R100 donasie, wen wild en verblyf
  Kontak Alida Reed 082 228 3552 / Chaan Bezuidenhout 082 853 5895

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vakansie te wen**
  15-19 September 2014
  Selfsorg by Crystal Springs vir 4 volwassenes en twee kinders
  Slegs R50
  As jy kan doen met ’n blaaskans, kontak Tobie by 083 327 1500

- **Gemeente Hartbeesfontein: Wen-wen-wen-kompetisie 2015**
  Koop 50 kompetisieboekies (11 kaartjies per boekie) = totaal van 550 kaartjies
  Kaartjie kos R100 – dus 50 boekies = R55 000 in kontantwaarde
  Betaal slegs R5 000 vir 50 boekies (550 kaartjies)
  Samel vir uself, u gemeente, skool, instansie of klub R50 000 in
  Verskeie pryse (vleisbeeste, kontant, rekenaar, diamant, ens)
  Verkoopte kaartjies moet die gemeente teen **15 Mei 2015** bereik
  Kontak skriba Manus van Staden by 082 707 9398

Basaars en markte

- **Saterdag 10 Mei vanaf 08:00: Gemeente Magaliesmoot**
  Internasionale Karnaval
  Op hul gronde langs Laerskool Kameeldrift
  Hoëkwaliteitvleis teen uiters billike pryse
  Stalletjies sluit in witolifanttafel, veiling, handwerk, teetuin,
  verskeie eetgoed en vele meer
  Sewesrugby
  Kom kuier saam en dra hope winskope huis toe
  Kontak ds David Barnard by 083 441 1789

- **Saterdag 10 Mei: Gemeentes Krugersdorp-Wes, Tarlton en Magaliesburg**
  Familiefees met stalletjies, eetgoed en speelpark vir die kinders
  Die Penkoppe, Gerhard Steyn, Isak Davel, Karlien Husselman en Chrizaan
  Op die velde van Laerskool Krugersdorp-Noord
  Skakel Ebeth de Beer by 076 147 9816 vir meer inligting

- **Saterdag 24 Mei: Gemeente Groeneweide in Germiston**
  4x4-familiedag
  Stalletjies teen R100 vir die dag vir enige produk uitgesluit kos en koeldrank
  Inskrywing vir 4x4-kompetisie teen R100 – pryse te wen
  Kwads / vierwielers teen R50 vir 10 ritte om die baan – vir pret, geen pryse
  By die 4x4-baan tussen Elsburg en Elspark in Brugstraat
  Kontak Ria Kruger by 082 417 8508

- **Vrydag 30 en Saterdag 31 Mei: Gemeente Losberg op Fochville**
  Basaar met kosstalletjies, vleis, witolifanttafel en tierlantyntjies
  Vir die kinders ’n spookhuistent en speletjies
  Kontak dr Ernest Marran by 082 444 1089

- **Saterdag 31 Mei: Gemeente van der Hoff: *80-reënboë-basaar***
  Ons het verlede jaar die 80ste bestaan van die gemeente gevier
  en hierdie jaar ons nuwe kerkgebou ingewy

Ons hou basaar op die nuwe kerkterrein in Springbokstraat Cul-de-Sac
Ons nooi almal wat nie die inwyding kon bywoon nie
Kom kuier saam – hope vars groente en vleis te koop
Navrae aan ds Johan du Preez by 072 461 0993

ANDER NUUS

- **Vakature: Ouditklerk by Sinodale Kerkkantoor**
  Dame (35-50 jaar) om hoofsaaklik NHSV-boeke te hanteer
  Vereistes: Matriek; kennis van boekhouding tot proefbalans;
  opstel van inkomste- en uitgawestate; rekenaarvaardig;
  kennis van werksaamhede en boekhouding van NHSV 'n aanbeveling
  Verdere vereistes: Pligsgetrouheid; vermoë om as lid van span te funksioneer;
  goeie kommunikasievaardighede
  Salaris onderhandelbaar, normale diensvoorwaardes
  Sluitingsdatum vir aansoeke 31 Mei 2014
  Aansoeke met CV aan mev AW Short by **annelie@nhk.co.za**
  of per faks na 012 322 7909

- **Vakature: Junior Ouditklerk by Sinodale Kerkkantoor**
  Vereistes: Matriek; kennis van boekhouding tot proefbalans; rekenaarvaardig
  Verdere vereistes: Pligsgetrouheid; vermoë om as lid van span te funksioneer;
  goeie kommunikasievaardighede
  Salaris onderhandelbaar, normale diensvoorwaardes
  Sluitingsdatum vir aansoeke 31 Mei 2014
  Aansoeke met CV aan mev AW Short by **annelie@nhk.co.za**
  of per faks na 012 322 7909

- **Saterdag 10 Mei om 10:00: Damesoggend**
  Met dr Lourentia de Kock (sielkundige)
  Basiliah Restaurant, Moreleta NG Kerk
  R100 per persoon
  Bespreek by Yolande Steenkamp 012 335 5708 / 64
  Yolande@febaradio.co.za

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Groot waardering vir ds Willie Botha van Lydenburg se boodskap oor die opstanding op die voorblad van 24 April se *e-Hervormer*.”

Prof JH Barkhuizen (emeritus)

AGTERBLAD

Gebed vir die week

O Here Jesus Christus,
laat ons deel in u Gees,
sodat ons in staat sal wees
om u lering te gehoorsaam,
om woede te kalmeer,
om vol medelye te wees,
om begeertes te beteuel,
om te groei in liefde,
om hartseer af te lê,
om afstand te doen van eiegeregtigheid,
om nie wraakgierig te wees nie,
ook nie die dood te vrees nie,
terwyl ons voortdurend ons gees
toevertrou aan die onsterflike God,
wat met U en die Heilige Gees leef
en sonder einde oor die heelal regeer.
(Appolonius)

Uit: *Prayers through the centuries* – Nancy Martin, Bishopsgate Press, 1999

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx